# DIE KOORD
Maandblad van Universiteitsoord


UNIVERSITEITSOORD

## WIE IS ONS?

Ons is 'n gemeente wat bely dat God mense liefhet en dat die Here alle mense in liefde en genade insluit en gebruik in Sy koninkryk. Ons probeer om as geloofsfamilie hierdie radikale liefde van God uit te leef en om God se wye, veelkleurige en onverdiende genade sonder voorbehoud uit te deel.
Daarom is Universiteitsoord ook 'n oop, inklusiewe gemeente waar almal welkom is, ongeag jou geslag, ras, status of seksuele oriëntasie.


## KYK 'N BIETJIE ROND

- **Kan jy die een, enkele heel baksteen raaksien?** Die halwe bakstene simboliseer dat nie een van ons perfek is nie en soms ook maar sukkel.
- **Hoeveel trompetpype tel jy in die orrel?** Ons bestaan om die Here te verheerlik en te aanbid, ook met mooi musiek; in die oggende 'n klassieke musiekstyl, en in die aande 'n *blended*, klassiek-kontemporêre styl.
- **Wat sien jy as jy opkyk?** Die hoë dak herinner ons 'n werklikheid groter as ekself. Die toring is in die vorm van 'n bruid; die mooi beeld in Openbaring wat sê dat die Here vir ons baie lief is.
- **Hoeveel boë tel jy?** Die drie boë verwys na die Drie-eenheid: Vader, Seun en Heilige Gees.
- **Het jy die paletkruis gesien?** Die kruis is leeg, Jesus het opgestaan en ons deel in hierdie opstandingslewe.
- **Wat het jy nog gesien?** Die doopvont op die liturgiese ruim, vertel dat die Here ons eerste gekies het. Die kerk se vensters, wat van lig na donker verander, is 'n teken van die die lig wat die Here in die wêreld bring.
- **Was jou pa of ma, dalk oupa of ouma, in Universiteitsoord?** Die gemeente is 64 jaar oud en dis ons 49ste eerstejaarskamp vanjaar!

## INLIGTING

@UNIOORD







behoort en beweeg
UNIVERSITEITSOORD

## ⋙ WAT'S NUUS? ⋘

# FAMILIENUUS

## UNIVERSITEITSOORD






## ⋙ PREEKREEKS

Ons bied twee preekreekse per jaar aan; die eerste het gewoonlik te make met ons identiteit en die tweede met ons karakter. Die reeks word by die eredienste ingelei en in weeklikse groeigroepies gesels. Ons skop in Februarie af met die "Emoji" reeks: Ons gebruik die storie van Dawid – wie se lewe self 'n roller coaster van emosies was – om ook eerlik na ons eie emosies te kyk en om dit deel te maak van ons geloofslewe. Al die materiaal is elektronies beskikbaart op ons webwerf en in die *YouVersion Bybel App.*

## 'N BOODSKAP VIR ONS OUERS ⋘

Nie almal by Universiteitsoord is studente nie! Ons is ook 'n groepie gesinne en ouer lidmate en dis ons spesiale roeping en voorreg om studente te ontvang en te versorg.

Ons wil jou graag nooi om saam met ons verantwoordelikheid te neem vir ons kinders: Moedig jou kind aan om in te skakel by ons eredienste – jy kan self ook ons dienste volg wat Sondagaande 19:00 ge-live stream word – en met jou kind daaroor gesels. Ons bied oulike groeigroepies wat weekliks by die kerk en in die koshuise bymekaarkom; daar is ook sosiale aktiwiteite en kampe wat 'n lekker deel van jou studentelewe is. Kom loer self in as jy oor 'n naweek hier is. Dis heerlik om elke Sondag 'n klomp besoekers en ouers te ontmoet.

Ons wil jou ook vra om te belê in die geestelike vorming van jou kind. Ons weet maar al te goed hoe duur die studies is, maar jou kind se geestelike ontwikkeling, op hierdie opwindende stadium van hul lewe, is net so belangrik. Jy kan 'n maandelikse of eenmalige bydrae maak deur hierdie skakel te volg of per EFT

**BANKBESONDERHEDE**
NG Gemeente Universiteitsoord
ABSA
Tjekrekening
Takkode 632005
540 580 006

SSWC0076